Stronk

Rauch-faktor gaan vir Laurika oor ander sangers

'Die saam werk en saam optree, is inspirerend'

■ PIETER DU TOIT

VIR Laurika Rauch gaan vanaand se *show* nie oor haar nie, maar oor die mense saam met wie sy sing.

"Ek is bloot die verteller. Eintlik moet die vertoning se naam *Die Liedjieskrywers* wees . . ."

Rauch, doyenne van Afrikaanse musiek, is vanaand die voorsanger in *Die Rauch-faktor* waarin sy die verhoog met van die grootste name in die plaaslike musiekbedryf deel.

"Dit is 'n enorme voorreg om saam met só 'n gros kunstenaars op te tree.

"Ons is in Afrikaans werklik geseend om sulke liedjieskrywers te hê en ek was oor die jare heen baie gelukkig om van hul beste werke te kan sing.

"Die gemene deler tussen ons klomp wat vanaand op die verhoog is, is nie Laurika Rauch nie maar goeie musici."

Die Rauch-faktor is 'n voortsetting van die gewilde *Laurika en die manne* wat in 2002 op die Volksbladkunstefees te siene was.

"Die eer vir die produksie moet eintlik aan Doks (Briers, feesorganiseerder) en Natie (Botes, vervaardiger) gaan.

"Dit was hul idee en ek is net dankbaar dat die visie wat ons gehad het 'n gedeelde een is."

Dit is volgens Botes egter 'n "logistieke nagmerrie" om al die kunstenaars op dieselfde tyd op dieselfde plek te kry.

Behalwe dat Valiant Swart die land vol toer om sy nuwe CD bekend te stel, is snare soos Coenie de Villiers, Lukas Maree en Koos Kombuis – wat almal optree – ook met hul eie dinge besig.

"Ons het darem die geleentheid om vandag (gister) drie keer te repeteer en seker te maak alles verloop vlot.

"Dit maak al die drama om hier uit te kom en bymekaar te kom die moeite werd!" lag Rauch.

Gelukkig is die orkes goed voorberei en wis almal presies wat van hulle verwag word – solank die rockers net onthou van watter kant hulle die verhoog moet betree . . .

"Ek dink darem alles sal vlot verloop!" paai Rauch haarself.

"Ons sien geweldig uit na die vertoning.

"Die saam sing, saam werk en saam optree, is regtig inspirerend.

"Toe ek by een repetisie vir Koos (Kombuis) die eerste note van 'n liedjie wat my naby aan die hart lê, hoor sing, toe weet ek dit gaan die moeite werd wees."

Sy is huiwerig om te verklap watter liedjies mense vanaand na kan uitsien, maar gee toe daar is 'n mate van "*obviousness*" aan die vertoning.

As mens in ag neem dat twee van Rauch se groot treffers, *Lisa se klavier* en *Die skoene moet jy dra* deur onderskeidelik Koos Kombuis en Valiant Swart geskryf is, lê daar beslis 'n aand met groot treffers voor.

"Ek sing saam met elke sanger.

"Ek dink dit is iets soos 21 of 22 liedjies. So, ek gaan my sing moet ken!"

Die gewildheid van ensemble-vertonings, soos *Die Rauch-faktor* en Anton Goosen se *Groen Blomme-projek* (wat môre-aand aan die beurt kom) kan nie onderskat word nie, meen Rauch.

"Sulke projekte sal altyd aantreklik wees vir kunstenaars omdat dit ons die geleentheid gee om sáám kreatief te raak – iets wat nie altyd moontlik is nie."

Benewens konserte wat haar heeljaar wegneem van haar man en kinders is haar eerste DVD ook in produksie.

"Ons het dit oor vier aande in Unisa se Klein Teater in Pretoria opgeneem en ek is baie opgewonde daaroor.

"Dit bevat al my '*greatest hits*' en behoort êrens in Oktober beskikbaar te wees."

Sy pak die ateljee ook vroeg in 2007. "Ek is baie opgewonde daaroor. Dit is nou tyd vir 'n nuwe CD met oorspronklike goed op en ek is baie gelukkig oor die nuwe materiaal."

■ *Die Rauch-faktor*, vanaand, Castle Callie, 21:00.